

# A F D E L I N G      A.

## HOOFSTUK I.

### BEGRIPSBEPALING EN TERMINOLOGIE.

#### 1. Kindertuin.

'n Uitvoerige bespreking van die opvoedkundige idees en werk van Jean Jacques Rousseau, Pestalozzi, Froebel, Montessori en ander opvoedkundiges wat veral in die onderwys en opvoeding van klein kindertjies belang gestel het, val nie binne die bestek van hierdie studie nie. Dit is egter noodsaaklik dat ons let op wat Froebel met sy Kindergartentien bedoel en beoog het en watter betekenis dié woord met verloop van tyd gekry het, ook in Suid-Afrika en insonderheid, vir die doel van hierdie studie, in Kaapland.

Nadat Froebel in 1837 'n skool by Blankenburg gestig het, het hy moeite gedoen om 'n gepaste naam vir die skool te kry, aangesien hy dit van groot belang geag het dat dit net die regte naam sou wees. Eindelik het hy tot sy vreugde die ingewing gekry om dit „Kindergarten" te noem.<sup>1)</sup> Hierdie woord, wat kindertuin beteken, het Froebel se doelstelling duidelik beskrywe, want die kindertjies moes deur „tuiniersters" as tere plantjies liefdevol opgekweek word.<sup>2)</sup> Die kindertuin moes egter geen skool wees nie; dit moes die kinders in staat stel om vry te ontwikkel, maar onder toesig en met die nodige leiding; in 'n tuin in die buitelug, nie tussen vier mure nie; die kindertjies moes buite speel en leer.<sup>3)</sup>

Ten spyte van terugslae en teleurstellings wat Froebel ondervind het,<sup>4)</sup> het sy idees en sy stelsel, tesame

- 
- 1) Woodham-Smith, P. The origin of the Kindergarten. (In Lawrence, Evelyn, red. Friedrich Froebel and English education, p. 22)
- 2) Coetzee, J. Chr. Opvoedkundige teorie en praktyk deur die eeue, p. 210.
- 3) Ibid., p. 212.
- 4) Woodham-Smith, P., op. cit., p. 24.

met die benaming Kindergarten, of kindertuin, na Amerika, Engeland en die meeste lande van Europa uitgebrei<sup>5)</sup> en het die beginsels van sy pedagogiek veral in Amerika groot invloed op die werk in kleinkinderskole uitgeoefen.<sup>6)</sup>

In die tweede helfte van die 19de eeu is kindertuinmetodes in Kaaplandse skole ook ingevoer en, ofskoon die kindertuinafdelings oorspronklik slegs vir „infants" bedoel is, d.w.s. vir kinders onder die ouderdom van sewe jaar,<sup>7)</sup> is baie kinders van sewe jaar en ouer later ook in dié klasse opgeneem. Aan die begin van die huidige eeu is kindertuinwerk al so belangrik beskou dat die eerste „Kindergarten Instructress" vir Kaapland in 1900 aangestel is,<sup>8)</sup> en in die eerste S.G.O.-verslag wat afsonderlike verslae van kindertuininstruktrises ook bevat, verklaar mej. Adamson dat hul hoofdoel nie is om aan 'n kind kennis mee te deel nie, maar wel „to prepare his mind for the reception of future knowledge."<sup>9)</sup> Hierdie doelstelling blyk ook uit 'n latere verslag, waarin 'n kindertuininstruktrise, mej. Tismeer, eers die vraag stel wat met 'n ware kindertuin bedoel word en dan self die vraag beantwoord deur te sê dat dit 'n plek is waar kinders van 4 tot 7 jaar oud deur middel van „ontwikkkelende handearbeid en spel" leer dink en werk en, terwyl hulle speel, voorberei word om later baat te vind by die laer onderwys.<sup>10)</sup>

---

5) Graves, F.P. Great educators of three centuries, p. 227-233. Vgl. ook o.a. Cubberley, E.M. The history of education, p. 765.

6) Eby, Frederick. The development of modern education in theory, organization, and practice, p. 529-530.

7) S.G.O.-verslag, 1887, p. 3.

8) S.G.O.-verslag, 1900, p. 2. (In hoofstuk III bespreek ons die aanstelling en werk van die eerste kindertuininstruktrises.)

9) S.G.O.-verslag, 1903, p. 178a.

10) S.G.O.-verslag, 1919, p. 51-52.

Met verloop van tyd het die benaming „Kindergarten” nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in oorsese lande 'n betekenisverandering ondergaan, en tereg verklaar Crow en Crow dat „Kindergartens have had a varied history, and they have served varying purposes at different times and in different communities.”<sup>11)</sup>

In Engeland word daar tans met Kindergarten eintlik niks anders as voorskoolse onderwys bedoel nie. As Raymont<sup>12)</sup> na „the child in the nursery school or kindergarten” verwys, onderskei hy nie tussen 'n kleuterskool en 'n kindertuin nie, en Gertrude Hildreth beklemtoon die voordele van „good kindergarten training in readying a child for school.”<sup>13)</sup> Volgens 'n boek van Brickman wat heel onlangs verskyn het,<sup>14)</sup> is die kindertuin in Amerika ook tans bedoel vir kinders onder ses jaar en is die vernaamste funksie van die kindergarten die bevordering van die kinders se liggaamlike groei en welsyn, asook hul vermoë om alleen en in groepe te werk, en hul gereedheid vir lees, skryf en reken, waarmee hulle in graad I moet begin. Manette Swett<sup>15)</sup> stel dit só dat kinders in graad I veilig voel as hulle die vorige jaar in die kindertuin was; en volgens dr. James L. Hymes, Jr., wat allerweë as 'n gesaghebbende op die gebied van kleinkinderonderwys in Amerika beskou word, bestaan 'n kindertuin uit 'n groep vyfjarige.<sup>16)</sup> Dit is 'n stadium tussen die kleuterskool en die eerste klas (graad I) van die Amerikaanse elementêre skool.<sup>17)</sup> Ook in ander lande benewens Amerika, o.a. in Kanada en Israel,

---

11) Crow, D. & Crow, Alice. Introduction to education, p. 33-34.

12) Raymont, T. Modern education: its aims and methods, p. 127.

13) Hildreth, Gertrude. Readiness for school beginners, p. 35.

14) Brickman, W. Educational systems in the United States, p. 43-44.

15) Swett, Manette. Kindergarten is important! Childhood Education, 41:310, Febr. 1965.

16) Hymes, James L., Jr. What is a kindergarten? Grade Teacher, 82:114, Okt. 1964.

17) Grey, Alida M. Aanvangsonderwys in Suid-Afrika, p. 2.

word die kindergartens beskou as opvoedkundige inrigtings wat organisatories op die kleuterskole volg as voorbereiding vir die formele onderwys in die laerskool.<sup>18)</sup>

In Suid-Afrika was die betekenisverandering van die benaming „kindertuinonderwys” die afgelope jare nog groter as in oorsese lande. Substanderd A (die eerste skooljaar) word weliswaar in amptelike stukke van die Kaaplandse Onderwysdepartement<sup>19)</sup> as die kindertuin stadium aangedui om daardeur van substanderd B (die tweede skooljaar) as die oorgang stadium onderskei te word; tog is dit dwarsdeur die provinsie gebruiklik om met enigeen van die volgende na subst. A en/of subst. B en/of standerd I te verwys: kindertuininspektrise, kindertuinonderwyseres, kindertuinklas, kindertuinwerk, kindertuinonderrig. Met ander woorde, die woord „kindertuin” is nie tot aanvangs-onderrig in subst. A of tot leerlinge onder 'n bepaalde ouderdom beperk nie, maar kan op die werk of die leerlinge in subst. B of standerd I ook betrekking hê. Hierdie betekenisverruiming blyk veral uit die gebruik van die woord „kindertuininspektrise”. Ofskoon die Departement gewoonlik na „inspektrises van kleinkinderskoolmetodiek” verwys,<sup>20)</sup> word die benaming „kindertuininspektrise” algemeen gebruik om die dames aan te dui<sup>21)</sup> wat aangestel is om die werk in subst. A EN subst. B EN standerd I na te gaan en aan die betrokke onderwysers (-esse) leiding te gee.

Waar daar in hierdie proefskrif na kindertuin(werk) verwys word, veral in die bespreking van die antwoorde op die vrae in die vraelys (vanaf hoofstuk VI), word daar

---

18) Potgieter, D.G. 'n Histories-prinsipiële behandeling van die kleuterskool vir blanke kinders in Suid-Afrika, p. 23.

19) Bv. in die verskillende leerplanne.

20) Vgl. S.G.O.-verslag, 1963, p. 40.

21) Sedert 1964 is daar ook 'n kindertuininspekteur in Kaapland, te wete mnr. A.J.C. Cumpsty.

in die geval van Kaapland, tensy anders vermeld, die werk in subst. A en/of subst. B en/of standerd I bedoel.

## 2. Kleinkinderskole en voorbereidingskole.

Kleinkinderskool is die Afrikaanse ekwivalent vir „infant school”. Die eerste verwysing na „infant schools” in Kaapland vind ons in die Watermeyer-verslag waar dr. Langham Dale, die destydse Superintendent-generaal van Onderwys, verklaar dat hy met „infants” kinders onder die ouderdom van sewe jaar bedoel.<sup>22)</sup> Waar daar later in S.G.O.-verslae na „infant schools” verwys word, word dikwels bygevoeg dat dit skole vir kinders onder die ouderdom van sewe jaar is<sup>23)</sup> en word daar nòg in S.G.O.-verslae nòg in afsonderlike verslae deur die inspekteurs duidelik onderskei tussen kleinkinderskole („infant schools”) en kindergartens. Trouens, dit wil voorkom asof die twee as sinoniem beskou is, bv. waar inspekteur A.N. Rowan in 1876 na Froebel se stelsel in kleinkinderskole of -afdelings („infant schools or departments”) verwys<sup>24)</sup> en 'n paar jaar later melding maak van geskikte kindertuinapparaat in sommige kleinkinderskole of -afdelings.<sup>25)</sup>

In die Hadow-verslag van 1933 word daar oor die werk in kleinkinderskole in Engeland uitgewei en verskeie aanbevelings gedoen. Ons volstaan deur aan te haal wat die kommissie as die eintlike funksie van die kleinkinderskool beskou: „It is the special function of the infant school to provide for the educational needs of the years of transition that separate babyhood from childhood,”<sup>26)</sup> m.a.w. tussen die tyd wat die meeste kinders in Engeland in 'n kleuterskool is en hul toetreding tot die elementêre (of laer-) skool.

22) Watermeyer-verslag, 1863, getuienis Dale, p. 36.

23) Vgl. die S.G.O.-verslae oor die jare 1872, p. 6; 1884, p. 2; 1887, p. 3.

24) S.G.O.-verslag, 1876, p. 30.

25) Byvoegsel tot die S.G.O.-verslag, 1880, p. 12.

26) Hadow-verslag, 1933, p. 121.

Voorbereidingskool (ook voorbereidende skool genoem) is die Afrikaanse ekwivalent vir „preparatory school” en die woord dui presies aan wat daarmee bedoel word, naamlik 'n skool waarin werk verrig word wat die leerlinge voorberei of bekwaam maak vir werk wat in die hoër klasse op hulle wag. Hierdie hoër klasse is egter nie orals dieselfde nie, soos uit die volgende paragrawe sal blyk.

In sy 1873-verslag reeds bespreek die S.G.O. die noodsaaklikheid van „preparatory schools”, waarin „preliminary instruction and training” kan geskied voordat die leerlinge na hoër klasse gaan,<sup>27)</sup> en in 'n Handleiding wat in 1892 gepubliseer is, word daar geen onderskeid gemaak tussen voorbereidingskole en kleinkinderskole („preparatory schools” en „infant schools”) nie: „To encourage the formation of preparatory or infant schools..., grants will be made in aid of the salaries of the teacher and assistants of a preparatory or infant school...”<sup>28)</sup>

In Engeland en Amerika is die funksie van 'n voorbereidingskool geensins om leerlinge vir die werk in laerskole voor te berei nie, maar wel vir hoër onderwys. Garnett<sup>29)</sup> verwys na „English Public Schools” en noem dan in dieselfde sin „the similar Preparatory Schools in the United States.” Raymont deel die volgende mee aangaande voorbereidingskole in Amerika: „... many parents in the western states of America send their children east to preparatory boarding schools, rather than to the local high school, the term preparatory in this case being broadly equivalent to the English term public.”<sup>30)</sup>

27) S.G.O.-verslag, 1873, p. 8-9.

28) The education manual, 1892, p. 10.

29) Garnett, Maxwell. The world we mean to make, p.178.

30) Raymont, T. Modern education: its aims and methods, p. 87.

In 'n ander boek verwys Raymont na voorbereidingskole in Engeland en meld die volgende: „Parallel to the public elementary schools, as regards the age of the pupils, we have in this country (England) preparatory schools of various types, attended by children whose parents prefer... not to avail themselves of the public elementary schools. The preparatory and junior forms of secondary schools fulfil a like function.”<sup>31)</sup> Uit „The Preparatory Schools Review”, 'n tydskrif wat in Engeland gepubliseer word, blyk ook duidelik dat daar nie aanvangsonderwys in 'n „preparatory school” gegee word nie, en in die uitgawe van Junie 1964 word dit uitdruklik só gestel: „ ... it should be remembered that education does not begin in the preparatory school, and that we depend largely upon what and how a boy has been taught when he comes to one of our schools.”<sup>32)</sup>

In Kaapland is dit tans gebruiklik om van 'n voorbereidingskool of voorbereidende skool te praat as daar na 'n skool verwys word waarin daar net kindertuin-klasse gehuisves word, hoewel die benaming kleinkinderskool ook hiervoor gebruik word. In April 1965 was daar 39 voorbereidingskole in Kaapland en die omvang van die klasse strek van substanderd A tot substanderd B, soms van subst. A tot standerd I en soms van subst. A tot standerd II, na gelang van omstandighede. Dit is gebruiklik dat dames as hoofde van voorbereidingskole met subst. A- en subst. B-klasse aangestel word, maar waar voorbereidingskole (subst. A tot standerd I of standerd II) gestig word met die oog op die latere uitbreiding van die skool tot 'n laerskool met 'n volledige omvang van klasse, is dit soms wenslik dat reeds

---

31) Raymont, T. The principles of education,  
p. 42.

32) Singleton, G.M. Curriculum reform -- infants.  
The preparatory schools review, 18:20, Jun. 1964.

by die stigting van die skool 'n man as hoof aangestel word.<sup>33)</sup>

Wat die ander drie provinsies van die Republiek en Suidwes-Afrika betref, is die posisie tans soos volg: In Transvaal word die benaming juniorskole in plaas van die Kaaplandse benaming voorbereidingskole gebruik en daar is tans 25 sodanige skole in Transvaal, maar die Departement se beleid is dat nie meer nuwe juniorskole gestig word nie (waar getalle dit regverdig en die reëlings goed verloop, bly die bestaande juniorskole egter so voortbestaan); in die Oranje-Vrystaat is daar geen afsonderlike skole vir leerlinge in substanderds A en B of in subst. A tot standerd I nie; in Natal is daar 24 sodanige skole (vir leerlinge in klas i, klas ii en standerd I) en hulle word bewaarskole (op Engels „infant schools“) genoem; in Suidwes-Afrika is daar een so 'n skool, dit word 'n junior laerskool genoem en die omvang van die klasse strek van subst. A tot standerd I.<sup>34)</sup>

### 3. Standerds, substanderds en „below standard“.

Die eerste leerplan vir die laerskool (soos ons dit vandag sou noem) is deur die eerste S.G.O., dr. James Rose Innes, kort na sy diensaanvaarding in 1839 gepubliseer en het met geringe wysigings van krag gebly tot 1873, toe 'n hersiene leerplan deur dr. Langham Dale (die tweede S.G.O.) uitgegee is. In dié leerplan word die woord „standard“ die eerste keer gebruik.<sup>35)</sup> Die behoefte aan standerds het waarskynlik ontstaan deurdad die eerste twee skoolinspekteurs in Kaapland („Deputy

33) Hierdie besonderhede is vervat in twee briewe, gedateer 11 Junie 1962 en 21 April 1965, wat van die Kaaplandse Onderwysdepartement ontvang is (verwysingsnommer: L.1/0/2/25). Sien ook Grey, A.M., op. cit., p. 161.

34) Die besonderhede in hierdie paragraaf is vervat in briewe wat tussen Maart en Mei 1965 van die betrokke Onderwysdepartemente ontvang is. (Transvaal: T.O.A.27-1-7; Oranje-Vrystaat: O.24/2/2; Natal: 14/A; Suidwes-Afrika: E.1/1/1.)

35) The Education Gazette, 28:647, 20 Febr. 1919.



Inspectors") die vorige jaar, d.w.s. in 1872, diens aanvaar het<sup>36)</sup> en opdrag gekry het om ná elke inspeksie die leerlinge te klassifiseer; gevolglik moes daar so iets soos standerds wees waarvolgens die leerlinge ingedeel kon word. Aanvanklik was daar net vier standerds, naamlik I, II, III en IV.<sup>37)</sup> Reeds vroeg in sy diens tyd as S.G.O. het dr. Thomas Muir (die derde S.G.O.) aan hersiening van die standerds aandag geskenk. Die nuwe standerds wat deur hom ingestel is, is in 1895 ingevoer<sup>38)</sup> en toe was daar sewe standerds deurdat die vroeëre „ex-standard" deur „Standard VII" vervang is. Volgens die S.G.O. was die nuwe stelsel bevredigend: „The new Standards have now taken a firm hold almost everywhere, and have been generally well received..."<sup>39)</sup>

In 1873 is die eienaardige benaming „below any standard" ook die eerste keer gebruik. Dit is deur die S.G.O. soos volg verduidelik: „Many (scholars) satisfy Standard I in reading and writing, but fail in arithmetic, and are thus ranked below any standard."<sup>40)</sup> Volgens dr. H.E. van Zyl<sup>41)</sup> het die vereistes, soos vir elke standerd neergelê, tot „geweldige vertraging" gelei omdat leerlinge wat nie kon lees, reken of skryf nie, eenvoudig as „below standard" geklassifiseer is sonder dat hul ouderdom in aanmerking geneem is. In 1874 is „Below any Standard" die eerste keer onder die opskrif „Results of Inspection" gebruik,<sup>42)</sup> die volgende jaar is dit vervang deur slegs twee woorde, „Below Standard,"<sup>43)</sup> en nog 'n jaar later is „Infants and others below Standard I" gebruik.<sup>44)</sup>

---

36) S.G.O.-verslag, 1872, p. 5.

37) S.G.O.-verslag, 1873, p. 4.

38) The Education Gazette, 28:647, 20 Febr. 1919.

39) S.G.O.-verslag, 1895, p. 16.

40) S.G.O.-verslag, 1873, p. 5.

41) Van Zyl, H.E. Die reorganisasie van Kaapland se skoolstelsel, p. 39.

42) S.G.O.-verslag, 1874, p. 7.

43) S.G.O.-verslag, 1875, p. 7.

44) S.G.O.-verslag, 1876, p. 6.

Die woord „sub-standard" kom die eerste keer in die S.G.O.-verslag oor die jaar 1894 voor, naamlik waar die klassifikasie van die leerlinge -- „Pupils' Standards at Inspection" -- aangegee word. Van die 80,819 leerlinge was 34,504, d.w.s. 42.69%, in 1894 „sub-standard",<sup>45)</sup> maar daar was toe nog nie 'n onderverdeling in substanderd A en substanderd B nie. In 1901 word die meervoudsvorm, „sub-standards", die eerste keer deur die S.G.O. in sy jaarverslag gebruik<sup>46)</sup> en in 1903 gee hy vir die eerste keer onder „Pupils' Standards at Inspection" die getalle vir „Sub-Standard A" en „Sub-Standard B" afsonderlik aan. (Dit was 41,736 uit die groototaal van 128,501, of 32.48%, in substanderd A; en 19,919, of 15.5%, in substanderd B.)<sup>47)</sup>

In Desember 1929 het niemand anders nie as dr. W. de Vos Malan, latere Superintendent-generaal van Onderwys in Kaapland, in 'n referaat wat hy op die S.A.O.U.-Kongres gelewer het, aanbeveel „dat die benaming substanderds verdwyn en die primêre kursus begin by st. I en sewe standerds insluit ..."<sup>48)</sup> Dr. Malan het sy aanbeveling soos volg gemotiveer:

In die verlede het ons primêre skoolkursus nie 'n vasgestelde aantal jare voorgestel nie, maar wel 'n vaste aantal standerds. Wat betref die eerste twee standerds, nl. substanderds A en B, was daar geen bepaalde tydperk van studie daaraan verbonde nie. Alles het afgehang van die heersende gebruik in elke betrokke skool ... Die verandering hier voorgestel, doen weg met die versoeking om twee jaar te gebruik vir werk wat wellig in een jaar gedoen kan word en, wat meer is, stel die primêre kursus vas op sewe jaar vir die normale kind...<sup>49)</sup>

Meer as 20 jaar later, toe hy al lank S.G.O. was, het dr. Malan dit weer in een van sy jaarverslae betwyfel

---

45) S.G.O.-verslag, 1894, p. xi.

46) S.G.O.-verslag, 1901, p. 13.

47) S.G.O.-verslag, 1903, p. 12. Ons moet egter daarop wys dat sommige inspekteurs 'n paar jaar tevore al in hul afsonderlike verslae na „Sub-Standard A" en „Sub-Standard B" verwys het. Vgl. S.G.O.-verslag, 1900, p. 15a, 28a en 60a.

48) Die Unie, 24:190, Febr. 1930.

49) Ibid., p. 190-191.

of die benaming substanderd B vir die tweede jaar van die kind se skoollewe behou moet word, aangesien die onderrig wat in daardie stadium gegee word, na sy mening nie meer van so 'n informele aard is dat „substanderd" geregverdig is nie.<sup>50)</sup>

Van dr. Malan se aanbeveling het daar tot dusver niks gekom nie en daar is nog al die tyd in Kaaplandse skole twee substanderds, waarvan die een (subst. A), soos vroeër in hierdie hoofstuk aangetoon is, gewoonlik in amptelike stukke as die kindertuin stadium en die ander een (subst. B) as die oorgang stadium aangedui word. In die Oranje-Vrystaat en Suidwes-Afrika word die benaming substanderd A en substanderd B ook gebruik; in Transvaal heet dit graad I en graad II; en in Natal klas (i) en klas (ii).

4. Van wanneer af en waarom word standerd I by die kindertuin ingedeel?

In die eerste deel van hierdie hoofstuk is aangetoon dat, wanneer daar tans van kindertuinonderwys in Kaapland gepraat word, daar na die werk in sowel die substanderds as standerd I verwys word en dat 'n kindertuininspektise die werk van die substanderds EN standerd I nagaan. Dit is egter nie duidelik van presies wanneer af dié reëling bestaan en waarom sodanige indeling die eerste keer gemaak is nie. In 'n persoonlike brief aan die skrywer verklaar mnr. D.J. Liebenberg, voormalige Superintendent-generaal van Onderwys in Kaapland, dat standerd I aanvanklik nie in skole waar daar 'n volle omgang van klasse was, as 'n deel van die kindertuingroep beskou is nie, maar dat behuisingsprobleme (bv. gebrek aan akkommodasie in 'n nabygeleë laerskool) soms meebring het dat standerd I by 'n voorbereidingskool ingesluit is. „Nou volg dit byna vanselfsprekend dat,

---

50) S.G.O.-verslag, 1950 en 1951, p. 52.

as daar in 'n voorbereidingskool inspeksie gehou word (deur 'n kindertuininspektrise) en daar is 'n standerd I-groep, dié groep by die inspeksie ingesluit word."<sup>51)</sup> Dit is beslis 'n baie aanneemlike verklaring wat mnr. Liebenberg aan die hand doen vir die ontstaan van die gebruik om standerd I by die kindertuin in te deel.

Die eerste aanduiding van die Onderwysdepartement se begeerte dat standerd I-leerlinge ook volgens die kindertuinmetodes onderrig moet word, kom voor in 'n pamflet wat in 1901 gepubliseer is en die volgende opdrag bevat: „All children in and below Standard I in state-aided schools should receive regular instruction in Kindergarten subjects."<sup>52)</sup> 'n Paar jaar later meld mej. C. Sutherland, een van die eerste kindertuininspektrises in Kaapland, in haar jaarverslag dat dit altyd die bevredigendste klassifikasie is om standerd I by die kleinkinderafdeling in te deel en dat dit ook gebruiklik is in die beste skole. Volgens haar is dit egter nie wenslik dat standerd II ingesluit word nie, „as children of that age are too old to enter into the spirit of games and songs."<sup>53)</sup> Die selfde mening is in 1903 deur 'n ander kindertuininspektrise, mej. M. Adamson, uitgespreek.<sup>54)</sup>

In 'n artikel wat in 1916 in die Onderwysgaset verskyn, word die vraag geopper of standerd I as deel van die kleinkinderskool of van die laerskool beskou moet word, en dan word daar na 'n spesiale verslag oor die verbetering van „English Elementary Education" verwys. In dié verslag word daar nie uitsluitel gegee nie, maar wat van belang is, is die stelling dat kindertuin-spele en -bedrywighe ( „Kindergarten games and occupations") vir

---

51) Brief van mnr. D.J. Liebenberg gedateer 16 Februarie 1965.

52) Pamphlet No. 15: Instructions regarding the teaching of kindergarten subjects, 1901, p. 5.

53) S.G.O.-verslag, 1905, p. 239.

54) S.G.O.-verslag, 1903, p. 175a.

kinders van ses jaar en jonger bedoel is en nie vir kinders van sewe- en agtjarige leeftyd geskik is nie.<sup>55)</sup>

Teen 1920 was dit al duidelik die beleid van die Departement dat standerd I by die kleinkinderafdeling ingedeel moes word en in daardie jare het die kindertuin-inspektrises dikwels in hul verslae die noodsaaklikheid daarvan beklemtoon. So skryf mej. Drake byvoorbeeld: „It is much desired that Standard I be included in the infant department...;”<sup>56)</sup> en toe die leerplan vir die nuwe eenjarige kursus vir kleinkinderskoolonderwyseresse in 1921 in die Onderwysgaset gepubliseer is, is dit voorafgegaan deur 'n kennisgewing waarin o.a. die volgende voorkom: „Men zal bemerken, dat de opleiding bedoeld is voor onderwijzeressen zowel van Standaard I als van de substandaarden.”<sup>57)</sup>

Veral mej. Drake het feitlik elke jaar in haar verslag die hoop uitgespreek<sup>58)</sup> dat meer studente die kursus vir kleinkinderskoolwerk sou volg, sodat die standerd I-leerlinge in elke skool deur 'n opgeleide kindertuinonderwyseres onderrig kon word. Die waarde van spesiale opleiding vir dié werk is destyds egter nog nie allerweë besef nie en in haar 1922-verslag het mej. Drake daaroor gekla: „Standard I is still a difficulty in many schools. Few school committees and principals have grasped the importance of appointing a teacher for this class holding the infant school teachers' certificate, so that the work may be well graded during this transition period.”<sup>59)</sup>

Dit is nie in ooreenstemming met die beleid van die twee onderwysersverenigings in Kaapland dat daar, soos op sommige plekke tans nog die geval is, voorbereidingskole

---

55) The Education Gazette, 15:1023, 27 Apr. 1916.

56) S.G.O.-verslag, 1919, p. 45.

57) Die Onderwysgaset, 20:965, 10 Maart 1921.

58) Vgl. S.G.O.-verslag, 1920, p. 36; en S.G.O.-verslag, 1921, p. 86.

59) S.G.O.-verslag, 1922, p. 129.

met slegs subst. A- en subst. B-klasse sal wees nie; en in 1961 is die volgende beskrywingspunt op die S.A.T.A.-Kongres aangeneem en, gesteun deur die S.A.O.U., aan die Onderwysdepartement gestuur: „Conference requests that when new Preparatory Schools are built, provision be made to include Std. I, as this class should be an integral part of all Infant School departments." Die S.G.O. het die versoek nie geweier nie, maar in sy antwoord darem ook nie die Departement gebind nie: „The contents of this resolution have been noted."<sup>60)</sup> Dat standerd I egter as deel van die kindertuin aanvaar word, ly geen twyfel nie, en dit is al baie jare die geval.

##### 5. Kleuters en kleuterskole.

Die woord „kleuter" word dikwels, veral in die spreektaal, losweg gebruik om 'n subst. A-leerling aan te dui en in die Afrikaanse uitgawe van die Wilks-verslag<sup>61)</sup> word die woord „kleuterskool" gebruik vir die kleinkinderafdeling van die primêre skool.

In hierdie proefskrif word met kleuter 'n voorskoolse kind bedoel; en met kleuterskool, wat die Afrikaanse ekwivalent vir „nursery school" is, „'n opvoedingsinrigting wat voorsiening maak vir die ontwikkelingsbehoefte van kleuters van twee jaar en ouer."<sup>62)</sup>

---

60) Die Unie, 58:487, Maart 1962.

61) Verslag van die provinsiale onderwyskomitee, 1946.  
Aangehaal deur Grey, A.M., op. cit., p. 2.

62) Kleuterskool-handboek, p. 9.